

Breuke les 1

Graad 3

Kom ons hersien breuke!



Les 1



Wat is 'n breuk?


Dit is ewe groot dele van 'n hele

Kom ons deel 'n pizza op in dele:



4 dele
4 Kwarte

$$\frac{4}{4} = 1$$



1 van 4 is ingekleur

een kwart = $\frac{1}{4}$




$$\frac{1}{4}$$

→ 1 deeltjie
van
→ 4 dele




Beskryf die breuk wat die ingekleurde deel van hierdie 2D-vorms voorstel, eers in woorde en dan as 'n breuk.


Kyk eers na die volgende voorbeelde:



een derde
 $\frac{1}{3}$





drie Kwarte
 $\frac{3}{4}$




vier sesdes
 $\frac{4}{6}$


Probeer jy nou:



een halwe
 $\frac{1}{2}$



een Kwart
 $\frac{1}{4}$




Drie agstes
 $\frac{3}{8}$




Kom ons kyk of jy die volgende kan doen:

1. Teken 'n reghoek, deel dit in vyfdes en kleur twee **vyfdes** ($\frac{2}{5}$) daarvan in.
(Onthou die deeltjies moet almal ewe groot wees!)

Lyk joune amper so?:



of



Twee vyfdes ($\frac{2}{5}$)



2. Teken 'n driehoek en deel dit in halwes. Kleur een halwe ($\frac{1}{2}$) daarvan in.




As joune so lyk,
is dit reg:



of




of



een halwe ($\frac{1}{2}$)

Is hierdie antwoord reg?




Nee?
Hoekom nie?
Die deeltjies is nie ewe groot nie!



3. Teken 'n vierkant, deel dit in sesdes en kleur vyf $\frac{5}{6}$ sesdes daarvan in.




Kon jy dit regkry?



of



of



Vyf sesdes $\left(\frac{5}{6}\right)$




Jy is baie slim!





Onthou jy nog die verwantskapstekens?:

- > groter as
- = is gelyk aan
- < kleiner as











Vergelyk nou die breuke deur een van die simbole of tekens wat hierbo staan, te gebruik:

Hier is 'n voorbeeld:




Probeer jy nou die regte simbool of teken invul:






By Romans Pizza word 1 pizza in 6 dele gesny en 'n ander een in 8 dele. Watter snye sal die grootste wees, die **sesdes** of die **agstes**?



sesdes



agstes



Die sesdes, natuurlik! Daar is minder snye, so hulle sal groter wees!



Knap gedaan!

